Ps. 89: 6
Gen. 32: 1, 4
Gen. 60: 3, 4

# GEBREKKIGE GODSKENNIS EN GROEIENDE JEUGMISDAAD.

11. 3. 56. A.

**Hosea** 4:1-10. (Potch.K 18.3.56).
Hosea 6: 1-3.
Mayfair " 8. 4. 56.
7. 10. 56.

Hosea 4:6a & c: My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

Ontstellende stemme gaan vandag een na die ander op oor die onrusbarende omvang van jeugmisdaad in ons land. In hulle Nuwejaarsboodskappe het beide die Goewerneur-Generaal en die Minister van Justisie gewys op die erns van die toestand en het Adv. Swart o.a. gesê: „Hiermee bring ek met die grootste erns 'n noodoproep vir 1956 aan ouers, onderwysers en predikante en almal wat 'n ordentlike en skoon lewenswyse van ons volk wil handhaaf, om in die komende jaar 'n positiewe en doelbewuste veldtog teen hierdie toestand van sake op tou te sit in 'n ernstige poging om so baie van ons mooi, jonge lewes te red".

Skaars drie weke gelede het Min. Swart weer beklemtoon in watter ernstige lig die staat die saak van jeugmisdaad beskou, en het mnr. C.J.H. Patmore, L.P.R., voorsitter van die Gesinslewe-organisasiein Johannesburg 'n donker beeld van jeugmisdaad aan die Rand geskilder toe hy daarop gewys het dat verlede jaar nie minder as 2000 kinders aan die Rand alleen stokkies gedraai het van wie die meeste in kafee-bioskope en om spykertafels saamdrom waar hulle die prooi word van gewetenlose daggasmokkelaars en seksmaniakke deurdat aan die seuns dagga-ingespuite sigarette gegee word om te rook om sodoende die onversadigbare lus na dagga onbewus by hulle te wek. Aan die dogters word sigarette met heroïn gegee om hulle seksueel so te prikkel dat hulle maklik die mans ten prooi val.

Maar dis nog nie al nie. Uit Kaapstad is daar ook onlangs berig dat baie jeugmisdadiges die kinders van bevoorregte ~~xxxxx~~ en welvarende ouers is, van mense, waar beide vader en moeder 'n groot en aktiewe rol in die sosiale lewe speel.

- Tyd vir Sarie Marais, Huisgenoot, Brandwag, Rooi Rose : maar nie vir Gods Wd ?
- Boeke wat die Bybel verstaanbaar maak: aanskaf en lees.
- Jeugbiblioteek vir Sondae:



Uit betroubare bron het ons verneem dat presies dieselfde toestand besig is om in 'n stad soos Pretoria te ontwikkel. Van oraloor dus die dringende noodroep: My volk gaan te gronde!

Dadelik kom daar twee vrae by ons op:

(1) Is die jeug van vandag dan soveel slegter as die jeug van 'n vorige geslag, van 25-30 jaar gelede?

(2) Indien wel, waarom? Wat het dan gebeur wat die jeug soveel slegter gemaak het? En indien die jeug inherent niks slegter is as die jeug van vroeër nie, waar lê dan die fout?

Voordat ons vanoggend biddend die antwoord op hierdie vrae gaan soek, wil ons baie duidelik sê: Wat ookal die oorsake mag wees - een ding staan vas:- Die jeug van vandag mag miskien niks beter wees as dié van voorheen nie, maar slegter is hulle beslis nie. Daarmee wil ek nie te kenne gee dat die lewes van ons jongmense vandag goed en reg is nie - inteendeel; daar is baie dinge verkeerd met die lewensbeskouinge en lewensgebruike van ons jeug. Maar wat ons baie duidelik wil laat verstaan is dit: //die jeug is 'n produk van sy tyd - en die sonde van die jeug is maar net die noodwendige gevolg van die sondes van hul vadere. Wat die jeug vandag skaamteloos in die openbaar doen is net die eindproduk van wat hulle ouers gister skaamtevol in die verborge gedoen het.//

In ons soeke na 'n antwoord op bostaande vrae wil ons as gelowiges, as Christene voor alles weet: Kan die Woord van God vir ons enige lig op die saak werp, enige leidraad bied, enige oplossing gee?

Ons tekswoord, waarin ons glo dat dié antwoord gegee word, kom uit die boek van die profeet Hosea wat opgetree het net voor die val van Israel en hulle wegvoering na Babel. In die gelese hoofstuk skilder Hosea sekere toestande wat treffend ooreenstem met die toestande in ons eie land vandag. Hy wys daarop dat hierdie skokkende toestande almal voortspruit uit een basiese oorsaak: gebrek aan Godskennis. En dan dui hy die weg aan tot herstel. Ons wys dan op:

I. DIE GEBREK AAN GODSKENNIS AS DIE GRONDOORSAAK VAN VOLKSVERVAL: „Hoor die woord van die Here, o kinders van Israel! Want die Here het 'n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie". So kla Hosea sy nood oor die toestand van sy volk en sien hy as grond van die nood: gebrek aan Gods-kennis.

(i) Kennis van die lewende God: Dit sien die profeet as dié groot tekortkoming, die bron van al die onheil en verval - dat die volk sy visie van God verloor het, dat die lewende bewussyn van wie God is en wat Hy is, uit die harte van die volk verdwyn het.

(ii) Kennis van Sy Woord: En die kennis van God verdwyn waar die kennis van sy Woord verdwyn - want hoe leer ons God anders ken as in en deur Sy Woord? En watter hoop is daar vir 'n volk wat die kennis van hulle boeke najaag ten koste van die kennis van die BOEK VAN ALLE BOEKE? Sing: Ps. 89:6 - glo ons dit?

(iii) Kennis v.d. weg van ~~saligheid~~ verlossing: En wie Gods Woord nie meer ken nie, dra dan ook geen kennis van die weg van saligheid nie. Hulle tas in die duister rond na 'n anker, 'n steunpunt wat hulle nie vind nie. Omdat hulle die woord van die Verlosser nie ken nie, bly die weg van verlossing hulle vreemd - en verkry hulle geen sekerheid van hulle oorwinnende geloof in Christus Jesus nie. Dan bly dit maar net ( as hulle oor hulle sekerheid gevra word): "Ons hoop so" of: "Ons probeer ons bes" - maar nooit: „Ek weet dat my Verlosser leef!"

(iv) Kennis v.d. weg van heiligmaking: En omdat die sekerheid ontbreek dat as iemand in Christus is, hy 'n nuwe skepsel is, daarom bly die lewes van duisende mense dié van jammerlike mislukking, van pynlike neerlae, van tevergeefse poginge om oorwinning oor sonde. En daarmee bly die ryk en onuitputlike kragbronne van goddelike lewe en oorwinning oor sonde vir hulle 'n geslote fontein!

(v) Kennis v.d. roeping van alle gelowiges: Waar die kennis van God ontbreek, daar vervaag die roepingsbewussyn van Gods kinders - daar

® En jeugverwildering lei tot volksverbrokkeling



tree 'n geestelike verlammingsproses in wat meebring dat gelowiges nie meer 'n duidelike siening behou van waartoe God hulle wil gebruik as gesante, as getuies, as gewillige medewerkers v van God.

Dit, sê Hosea, is die grondoorsaak: Godsvervreemding lei tot jeugverwildering.® Alle ander oorsake is bykomend, en spruit voort uit die een fundamentele gebrek: My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis.

**II. DIE UITWERKING VAN HIERDIE GEBREKKIGE GODSKENNIS OP DIE MENSLIKE LEWE:** Omdat Hosea maar alte goed geweet het watter kritiek hy sou moes verduur as gevolg van sy uitdagende stelling, wys hy stap vir stap op die ernstige gevolge wat die lewe inhou vir 'n gemeenskap wat sy kennis van God verloor het:

(i) Die menslike woord verloor sy krag: „Hulle sweer en lieg" - so kras stel hy dit in vers 2 om daarmee te kenne te gee dat daar duisende is wat een oomblik sal sweer dat hulle die waarheid sal praat, die volle waarheid en niks anders as die waarheid - en die volgende oomblik sonder blik of bloos daardie waarheid verkrag. Is dit nie presies wat vandag onder ons gebeur nie - ook in ons howe?

(ii) Die menslike lewe verloor sy waarde: „Hulle moor en steel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak". Hierdie woorde laat 'n mens byna dink aan die koerantverslae van die hofsake elke week, van sensasie-opskrifte in ons koerante. Waarom word dit so maklik, so doodgewoon, so alledaags dat 'n man 'n rewolwer kan gryp en drie, vier mense kan doodskiet soos nou die dag weer by Bloubergstrand gebeur het? Weet u waarom? Wanneer iemand die beeld van die lewende God uit sy hart verban het, dan word dit maklik om die mens, die beelddraer van God op aarde, te verwoes! Waarom ry 'n motoris iemand anders raak en jaag voort om sy slagoffer sterwende langs die pad te laat lê? Weet u waarom? Weet u wanneer 'n mens ~~dit~~ sover kom? Wanneer die kennis van die lewende God verdwyn het. Want waar God nie gevrees word nie, word geen mens ontsien!

(iii) Menslike Verhoudinge verloor hulle betekenis: „Hulle pleeg owerspel".

Kort en kragtig sny die woord van die profeet deur die siel van sy verharde en versinnelikte volk. Owerspel is 'n doelbewuste verbreking van die heiligheid van die huweliksband, van die innigheid van die familieband, van die noodsaaklikheid van die gemeenskapsband. Hoeveel huwelike is daar nie die afgelope 20 - 30 jaar in Godshuise voltrek waar beide man en vrou 'n heilige belofte voor God gedoen het om mekaar getrou te bly tot die dood - en waar hierdie gelofte wreed en skaamteloos verbreek is? Weet u waarom? Armoede? Onaanpasbaarheid? Ontrou? - Nee; net een rede - God was nooit 'n lewende werklikheid in die lewe van man of vrou of albei! En wie ly die meeste daaronder? DIE KIND!

Hoeveel huisgesinne is daar nie waar kinderharte smag na 'n bietjie liefde van vader en moeder wat dit nie gee nie, omdat hulle óf nooit daar is om dit te gee nie, óf omdat hulle geen liefde meer het om aan mekaar te gee nie! Weet u waarom? Omdat hulle die gsig van God en sy ewige liefde nog nooit gesien het óf dit verloor het! En as sulke kinderlewes dan verwoes word en verwilder, is dit dan die kinders skuld?

Hoeveel bedrywe is daar nie waar daar ernstige skorting is tussen werkgewer en werknemer, waar arbeidsverhoudinge pynlik gespanne is. Waarom? Omdat daar so selde aan gedink word dat God ook alle arbeid wil en kan heilig! (Weeklikse kon)

(iv) Menslike gesag gaan verlore: „Laat net niemand met ons twis of ons berisp nie!" vs. 4

Hoe goed ken ons hierdie gees nie vandag nie: waar ouers kla dat hulle nie meer durf waag om hulle kinders te betig of berispe nie; waar lidmate by die geringste aanduiding dat hulle persoonlik oor hulle sonde en oortredinge vermaan word, hulle oprukmeen sê: "Ek laat my deur geen kerk voorskryf of tug nie!"; waar burgers van die staat alle eerbied vir die wette van die staat verwerp en vertrap! Ja: Laat net niemand met ons twis of ons berisp nie! Is dit 'n wonder dat die jeug ook so dink en doen?

Ons volk 'n tuglose volk geword omdat ons Kerk 'n tuglose Kerk geword het!

(v) Die mens se voortbestaan word bedreig: ,,Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg" So teken Hosea die toestand in vers 3 - 'n toestand wat ontstaan waar die mens sy lewende verband met sy God verbreek. Waar die mens God se sedewet oortree, daar oortree hy ook die natuurwet - met al die nasleep van onvrugbaarheid, swak oeste en verminderde inkomste! Sien ons dit nie elke dag rondom ons plaasvind nie?

lll. DIE TERUGKEER TOT GOD AS DIE ENIGSTE WEG TOT HERSTEL: Maar Hosea bestraf en kasty nie net nie - inteendeel: sy profesie is vol van die skoonste beloftes van lewe en seën wat hy in die naam van God aan die volk oordra: Kom en laat ons terugkeer tot die Here.. En laat ons ken - laat ons dit najaag om die Here te ken; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy saltot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei" (hfs. 6:1 & 3). Mag ons die vrymoedigheid neem om hierdie woord toe te pas op ons tyd? Dan wil ons noem as noodsaaklike stappe op die weg tot herstel:

(i) Die prediking van die volle raad van God: Soos nog nooit vantevore roep God vandag sy gesante om die Skrif, die Woord van God te laat spreek tot hongerende en dorstige siele! Daarom moet beide gesant en gelowige terugkeer tot die een, allerbelangrikste vraag: WAT sêGods Woord? En daardie woord moet gebring word in al sy krag, in sy skerpte. En as lidmate die woord nie wil aanneem nie, as hulle aanhou praat soos die volk in Hosea 4:4 dan, hoe bitter en hartseer dit ookal mag wees, moet daar 'n dag kom dat die Kerk aan hulle sê: Óf julle gehoorsaam die woord van die lewende God of julle verbreek julle band met die Kerk!

Die prediking sluit in d. herstel v.d. tug!

(ii) Die herstel van ouerliefde, ouerplig en ouertug: Hier lê vir my die kern van die bestryding van alle jeugmisdaad: die heropbou van Christenhuisgesinne! Geen skool, geen kerk, geen klub kan die plek inneem van die ware ouerhuis nie! Maar dan moet dit weer 'n ouerhuis wees soos God bedoel het: huisgodsdiens, ouerliefde, gesonde ouertug, ouervoorbeeld!

Wat skiet hd: Kennis alles in? →

En wie anders moet hierdie voorbeeld stel en die leding gee as ons wat onsself Christenouers noem? As ons dit nie doen nie, as ons die antwoord nie het nie - wie sal dit dan kan gee? (Bevinding in Amerika dat geen hulpbron die plek van die ouerhuis kan neem nie: As God in Sy Woord dit vir ons sê, dan beskou ons dit as outyds; as Amerika in sy wêreldwysheid dit sê, dan neem ons dit aan as Evangelie!).

(iii) Baie deegliker kategetiese onderrig: Die afgelope 20 jaar het ons onberekenbare skade gely deurdat ons, in 'n ydele poging om meer lidmate te verkry, die verstandelike en geestelike standaarde van ons katkisasie so verlaag en verwater het. Die tyd het aangebreek dat elke voornemende lidmaat weer moet besef dat belydenis van geloof die hoogste, die beste van al sy kragte, sy tyd, sy hele lewe eis! En wie dit nie wil gee nie, mag nie toetree tot die kerk van Christus voordat hy nie bereid is om dit te doen nie! Beroep op ouers i/s ouderdom:

- Reaksie van ouers waar hulle kinders afgewys word: "God dank dat daar nog mense is wat hulle kinders se hoogste sielewelsyn so op die hart dra dat hulle die moed het om te sê: Kom later weer!"

(iv) Getrouer Bybelstudie: Maar as ons die Here wil ken, as ons wil NAJAAG om Hom te ken, dan moet ons Sy Woord beter leer ken. En waar kry ons 'n beter geleentheid daarvoor as in ons weeklikse Bybelstudie by ons gemeentelike biduur? Hoe baie gemeentelede mis ons nie daar nie! Hoe baie van ons ouderlinge sien ons nooit daar nie - dié manne wat volgens hulle bevestigingsformulier "die Woord van God ywerig moet ondersoek en hulle gedurig moet oefen in die bepeinsing van die verborgenheid van die geloof"?

- Beswaar van baie: Ons het geen tyd nie. Het u al ooit daaraan gedink dat ons twee- tot driekeer soveel tyd vandag moet spandeer aan ons wyke, aan ons jeug, om verknoeide menslike verhoudinge te probeer regmaak ( sonder sukses) - wat God ons sal leer om reg te maak as ons die antwoord gaan soek in Sy Woord?

As deel van ons verdieping in die Bybel, die herontdekking van die Bybel as die Boek wat ons probleme kan oplos, moet ons ook dien ~~die~~ 'n kragtiger aksie om weer die Christelike tydskrif en boek in ons huise in ere te herstel. Toets uself net aan die een vraag: WAT LEES U SONDAE? Is u ook een van die duisende "Christene" wat u Sondag begin met 'n Sondagkoerant - met al sy wêreldse nuus, sy sportverslae, sy sensasiestories oor moord, oorspel en doodslag? Indien wel - moenie verbaas wees as u kind môre, oormôre daardie pad opgaan nie! Hoe kan u verwag om in u hart plek te vind vir die wondernuus wat God u wil gee in Sy Huis as u dit van vroeg af reeds volgestop het met wêrelsnuus?

(v) Baie meer gebed: Ons tyd het geword 'n biddelose tyd. En 'n ~~gemeente~~ biddelose gemeente is 'n lewelose gemeente. In ons gemeente is daar b.v. net een buitewyk uit elf waar daar 'n gereelde maandelikse biduur bestaan. In die dorp woon tussen 60 en 70 mense ons twee gemeentebidure by. As die saak van jeugmisdaad en sy bestryding ons erns is, as die heropbou van suiwer Christelike huisgesinne ons 'n noodsaak geword het om ons volk te red v van totale ondergang - dan moet ons eers weer leer bid!

Wil u wat vanmôre hierheen gekom het om te luister nie saambid in die woorde van Jesaja nie ( Jes. 2:3): Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem.